27 Jan
Uitgawe 2010/01/27

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek. Daarna gaan hy na die laer terug; maar sy dienaar Josua, 'n jongman, die seun van Nun, het hom nie uit die tent verwyder nie. (**Eks.33:11**). God het in persoon met Moses gepraat; Hy het nie ander maniere van kommunikasie gebruik nie bv, 'n engel, deur drome, ens. Moses en God het gesprekke gehad soos vriende – vrylik, vertrouelik, hartlik, openlik, sonder enige terughoudendheid of bewyse van gesag, of om angs of vrees uit te lok. Moses het na die laer teruggekeer om sy ervaringe met die Here, met die volk te deel. Moses se kneg, Joshua, het wel in die tent agtergebly. Hoe gereeld bewonder ons ons leiers vir die wysheid wat hulle uitbeeld? Joshua het in die voetspore van sy leier gevolg deur in die tent te bly in die teenwoordigheid van God. ***Hemelse Vader ons begeer 'n verhouding met U waar ons van aangesig-tot-aangesig met U kan gesels, waar ons vir ewig in U huis kan woon. Ons smag daarna om U stem te hoor, om eindelose gesprekke met U te voer en U meer intiem te leer ken.***

Deurbraak : God vermenigvuldig kos

Het jy al ooit gehoor van kos wat vermeerder? Ons het daarvan gelees in die Bybel maar min van ons het dit al gesien. Het jy al ooit gewonder of dit vandag nog gebeur? Die *Field of Dreams* projek het 'n voedingskema vir 50 weeskinders en arm kinders in *Kaliti Village*, Uganda georganiseer. Meer as 200 honger kinders het hul opwagting gemaak. 'n Paar van die spanlede het begin huil omdat hulle geweet het hulle het nie genoeg kos vir al die kinders en sommige sou weggewys moes word. Die spanlede het begin bid dat God die kos sal vermeerder. ELKE kind het geëet en was versadig…meer as 200 was gevoed in 'n fees van oorvloed! Hulle kon selfs die volwassenes kos gee. Daar het so baie kos oorgebly dat die groepslede kospakkies terug huis toe kon neem. (E-pos: editor@breakingchristiannews.com, 25/01/10). ***Prys God vir elke gebed wat beantwoord was. Bid dat hierdie projek sal voortgaan en dat hulle voortdurend kos aan die hongeres sal voorsien. Bid dat Gelowiges die krag van God sal ervaar deur wonderwerke, genesing, bevryding, ens.***

Bid vir jou gemeenskap : Seks oortredinge teenoor kinders

Die *National Society for the Prevention of Cruelty to Children* (NSPCC) het 'n nuwe verslag vrygestel wat aandui dat meer as 21 000 seks oortredinge teenoor kinders in Engeland en Wallis gerapporteer was verlede jaar – dit is omtrent 60 elke dag. Die organisasie sê dat alhoewel hierdie uitslae skokkend is, dat dit nie naastenby 'n ware prentjie skep van die seksuele oortredinge wat plaasvind nie, omdat daar oortredinge is wat nie aangemeld word nie en ook op 'n gereelde basis plaasvind. (E-pos: pray@viva.org, 25/01/10). ***Bid dat ons nie sal vergeet of kinders aan hul eie lot sal oorlaat nie, veral diegene wat na aan ons is nie. Bid dat hierdie kinders beskerm sal word en dat hulel veilig sal voel in hul eie wonings en gemeenskappe. Bid vir Christelike bedieninge wat gefokus is op kinders. Prys God vir hierdie bedieninge en bid dat hulle goeie vrug sal dra.***

Suid-Afrika : Werkloosheid

'n Onlangse verslag van die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) waarsku dat die werk krisis in Suid-Afrika nog lank nie verby is nie en daar is 'n moontlikheid dat dit kan vererger indien daar nie tot aksie oorgegaan word nie. Die nuutste werkloosheidsyfer wat volgende maand beskikbaar gestel gaan word, gaan moontlik toon dat 1 miljoen mense hul werk verlede verloor het in Suid-Afrika verlede jaar. In die eerste nege maande van die jaar het 959 000 mense hul werk verloor. (Webruimte: http://www.busrep.co.za/index.php?fSectionId=552&fArticleId=5310532, 13/01/10). ***Bid vir positiewe ekonomiese groei in Suid-Afrika. Bid dat God werk sal voorsien aan diegene wat verlede jaar hul werk verloor het. Bid dat God hoop sal herstel in die lewens van diegene wat hooploos is en selfs oorweeg om betrokke te raak by onwettige aksies om geld te bekom.***

Internasionaal : Haiti

Dit is alreeds bekend dat Haiti deur 'n aardbewing getref was. Die nadraai van die aardbewing is meer katastrofies as die aardbewing self. Voedselverskaffing is vinnig aan die afneem, so ook mediese voorsiening. Daar is geen elektrisiteit en water om hierdie stad met 'n populasie van meer as twee miljoen mense te help wat nou haweloos is nie. Hospitale kan nie voorbly om almal te help wat beseer is nie, en bekwame mediese personeel, wat daagliks arriver, is nog steeds te min. Onthou ook, daar is nie 'n waarnemende regering in Haiti op die oomblik nie. In Port-au-Prince is daar 'n tekort aan swaar toerusting om die paaie op te ruim en om met reddingswerk te assisteer. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 22/01/10). ***Bid vir al die werkers wat aangebied om die land te help. Bid dat die Heilige Gees hulle sal troos en adviseer omdat hulle so baie traumatiese ervaringe beleef het. Bid dat die mag van toordery en voedoe oor die land gebreek sal word en dat baie die openbaring van God die Vader en Jesus Christus wie Hy gestuur het sal ontvang.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com